# HOËR VOLKSKOOL
# JAARBLAD

*Ons sal handhaaf*



2024

# Uit die Hoof
# **se kantoor**



**Ek begin my berig met 'n vraag aan elkeen van julle. As jy terugdink aan 2024, wat laat jou trots voel op Volkskool? As jy nie dadelik aan 'n antwoord kan dink nie, blaai gerus deur ons jaarblad van 2024.**

**Dit vertel 'n verhaal van Volkskool se passie, deursettingsvermoë, toewyding, harde werk en sukses op verskeie terreine.**

**In 2024 het ons leerders op vele terreine opgestaan en hulself laat geld. Uitstekende prestasies is behaal in die klaskamer, op die sportveld, by kultuurgeleenthede en individueel.**

Die jaar het afgeskop met 'n uitstekende prestasie deur Zenke Enslin (Dux leerling van 2023) wat bekroon is as die Topleerder in die Sarah Baartman Distrik. Hoër Volkskool het ook die toekenning ontvang as die skool wat die beste in Sarah Baartman presteer het in die 2023 se NSS-eksamen. Die topprestasie het oorgeloop in 'n baie suksesvolle sportseisoen wat op 'n hoogtepunt afgesluit is deur interskole die jaar oortuigend te wen. Op die kultuurterrein het ons redenaars veral die oog gevang met Adriaan Blignaut se ongelooflike prestasie om as beste redenaarspreker in die land bekroon te word. Hy ontvang daarmee die gesogte Arendsvlerke-toekenning vir sy uitsonderlike prestasie en bydrae tot Afrikaans.

Met al ons leerders se puik prestasies en harde werk, dink ek aan die liedjie van Wian Vos, wat die junior koor gesing het tydens interskole:

*"Want meneer sê: Luister vir my!*
*Hier by Volkskool doen ons als!*
*Ons is nie bang vir akademie, sport en sang".*

Ek is trots op al ons leerders se prestasies, maar veral ook jul deelname en die karakter wat jul op die velde en ook as ondersteunders ten toon gestel het.

As personeel is ons baie dankbaar en trots teenoor elke ouer, ondersteuner en vriend van Hoër Volkskool vir jul getroue en lojale ondersteuning. Met julle positiewe gesindheid versterk julle ons hande en vergemaklik julle ons taak. Die OOV, onder bekwame leiding van Laine Coetzee, het veral onselfsugtig hul tyd vir die skool opgeoffer.

'n Spesiale woord van dank aan ons beheerliggaam vir julle volgehoue steun, raad en tyd. U insette en kundigheid is onmisbaar in die beplanning en bestuur van ons skool. In besonder baie dankie aan Jacques Stannard en Ralie Blignaut vir jare se getroue diens en onbaatsugtige toewyding.

Ons eer ook mnr. Theo Dörfling wat aan die einde van April afgetree het as skoolhoof. U het so baie van uself vir ons skool gegee en dankie vir die passievolle voetspore wat u in ons gange en op die sportterrein getrap het.

Ek en die personeel is trots op elkeen wat hard gewerk het hierdie jaar. Sit terug en lees lekker aan al die uitsonderlike prestasies van ons Volksies die jaar.

***Henriëtte Malan***
***Skoolhoof***

2024

# Jaarverslag



2024 was ‘n goeie jaar vir HVS. As u ons sosiale media dopgehou het, sou u sien dat baie van ons leerders op vele terreine uitgestaan en presteer het die jaar. Dit gebeur net met ‘n toegewyde personeel, ondersteunende ouers en ‘n gemotiveerde leerder. Die gemeenskap het ook vir Hoër Volkskool as die beste hoërskool in ons gemeenskap gestem, en daarvoor kan ons net dankie sê vir elkeen se vertroue.

**PERSONEEL**

- 17 onderwyspersoneel met 11 departementele onderwysers en 6 beheerliggaam poste.
- In 2024 het mnr Kleynhans, mnr Prinsloo, juf Gildenhuys en juf Mostert by ons personeel aangesluit.
- Mnr Dörfling het einde April afgetree en het die onderwys verlaat. Henriëtte Malan is begin Julie aangestel as skoolhoof van HVS.
- Dan is mev. Zelda Blom aangestel wat saam met mev Paula vd Mescht deel vorm van ons administratiewe personeel.
- Jaco van Schalkwyk is betrokke by rugby en Janru Malan by hokkie, as professionele afrigters by die skool en mnr Ritus Meiring is ons sportorganiseerder. Al drie die manne lewer uitstekende werk. So ook Tiaan Mostert (tennis) en Izak Hattingh (swem) wat bedrewe voorvat met die professionele afrigting van hul onderskeie sportsoorte.
- Verder beskik ons oor ‘n terreinbestuurder, 4 algemene werkers en 2 skoonmakers, almal beheerliggaamposte wat ’n reuse bydrae lewer tot ons skoolgemeenskap op ‘n daaglikse basis.

**LEERDERS**

Ons leerdergetalle staan tans op 330. Die gr.12-klas van 2024 se getal staan op 65 leerders. Die skool is hoopvol dat die afgelope NSS-eksamen vir ons matrieks vrugte sal werp en ook vir die Gr.11's wat hul jaar met ‘n departementele eksamen afgesluit het. Die eksamen is baie belangrik vir elke leerder, want dit bepaal grootliks of die leerders die jaar suksesvol gaan wees al dan nie.

**KOSHUIS**

Die getal leerders in die koshuis staan op 79. Huis Cronje beskik tans oor 2 departementele poste en 5 beheerliggaamposte. Mev Annemarie Bruyn is aangestel as matrone en ek kan met vertroue sê dat dit ‘n baie suksesvolle aanstelling was. Met die harde werk van die koshuiskomitee, Annemarie as matrone, Jaco en Janine van Schalkwyk as koshuisouers, en die dienspersoneel, slaag ons daarin om die koshuis soos ‘n tuiste vir ons koshuisleerders te laat voel.

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Ons is ‘n betreklike klein skool wat baie aktiwiteite op sport en kultuurgebied aanbied aan ons leerders. Baie van ons leerders is baie suksesvol en bereik groot hoogtes waarop elkeen trots kan wees.

**VERBETERINGE**

Die volgende verbeterings is die jaar aangebring:

- Afronding rondom die Astro en ‘n nuwe ClearVu heining aan die agterkant.
- Sonpanele wat ‘n gedeelte van die skool onafhanklik maak van beurtkrag

2024

# Jaarverslag



- **VERVOLG:**

**FINANSIES**
Ons wil vir elke ouer wat ons ondersteun, bedank. Ondanks die moeilike finansiële tye waarin ons ons bevind kom baie van u u finansiele verpligtinge wel na; dankie dat u ons fondsinsamelingsprojekte ondersteun en dankie dat u u kind op buitemuurse gebied asook met hul akademie ondersteun.

**BEHEERLIGGAAM**
Laastens wil ek die Beheerliggaam bedank vir die afgelope jaar se harde werk. ‘n Spesiale woord van dank aan mnr. Jacques Stannard en mev. Ralie Blignaut wat die jaar klaar maak by Hoër Volkskool. U ondersteuning en al die insette wat julle die afgelope jare gelewer het gaan definitief gemis word.

**ONDERSTEUNERSKLUB EN OOV**
Die ondersteunersklub en OOV was baie bedrywig die afgelope jaar. Met goeie fondsinsamelingsprojekte en harde werk by sportgeleenthede het hulle die volgende bygedra en verbeter:

- R80 000 tot sportbegroting
- Salaris van Marco Jooste by gimnasium betaal
- Ligte by tennis- en netbalbane opgerig
- Pawiljoene by hokkieveld opgerig
- Nuwe yskas vir kiosk aangekoop

**AFSLUITING**
Ek wil afsluit en elke leerder en volwassene wat ons skool positief ondersteun bedank. Dankie aan ons Hemelse Vader wat ons deur elke dag dra en vir ons die pad vorentoe aanwys.



# PERSONEEL



**Voor: I. Nel; B. Cronje; N. Schreuder; H. Malan (hoof); S. van Wyk; E. Coetzee; R. Meiring**
**Middel: Z. Blom; S. Gildenhuys; T. van Zyl; G. Erasmus; H. Prinsloo; P. van der Mescht**
**Agter: L. Prinsloo; P. Pienaar; C. Coetzee; P. Kleynhans; R. Stroebel**
**Afwesig: S. Vorster; E. Mostert**

**Mnr. L. Prinsloo**
Afrikaans Graad 8 en 9. Lewensoriëntering Graad 10

**Mnr. P. Pienaar**
Natuurwetenskap Graad 8. Landbouwetenskap Graad 10 – 12. Toerisme Graad 12

**Juf. C. Coetzee**
Lewensoriëntering Graad 8. Afrikaans Graad 10 en 12.

**Mnr. P. Kleynhans**
Natuurwetenskap Graad 8 en 9. Lewenswetenskap Graad 10 – 12.

**Mnr. R. Stroebel**
Sosiale Wetenskap Graad 8 en 9. Toerisme Graad 10 en 11.

**Mev. Z Blom**
Ontvangs

**Juf. S. Gildenhuys**
Skeppende Kuns Graad 8 en 9. Verbruikerstudies Graad 10 – 12. Rekenaartoepassingstegnologie Graad 10.

**Mnr. T. van Zyl**
Ekonomiese- en Bestuurswetenskap Graad 8. Lewensoriëntering Graad 9. Sosiale Wetenskap Graad 9. Besigheidstudies Graad 10 – 12.

**Juf. G. Erasmus**
Wiskunde Graad 9 – 12

**Juf. H. Prinsloo**
English FAL Graad 8 en 9. CAMI Lees.

**Mev. P. van der Mescht**
Finansies

**Juf. I. Nel**
Ekonomiese- en Bestuurswetenskap Graad 8 en 9. Rekeninkunde Graad 10 – 12.

**Mnr. B. Cronje**
Tegnologie Graad 8 en 9. IGO Graad 10 – 12.

**Mnr. N. Schreuder**
Rekenaartoepassingstegnologie Graad 10 – 12.

**Juf. H. Malan**
Fisiese Wetenskap Graad 10 – 12. Wiskunde Graad 11 en 12.

**Juf. S. van Wyk**
English FAL Graad 11 en 12. Lewensoriëntering Graad 11 en 12.

**Juf. E. Coetzee**
Wiskunde Graad 8. Wiskundige Geletterdheid Graad 10 – 12.

**Juf. S. Vorster**
English FAL Graad 10. Afrikaans Graad 11. Toerisme Graad 12.

**Juf. E. Mostert**
Wiskundige Geletterdheid Graad 10 en 11.

**Mnr. R. Meiring**
Sportorganiseerder

# HVS Algemene werkers



**HVS Terreinwerkers**

**Voor: L. Bezuidenhout; D. Goliath**
**Agter: C. Maquena; C. Maquena; C. Pietersen; E. Jantjies; P. van der Merwe (afwesig)**



**Koshuispersoneel**

**Voor: A. Breda; V. Joubert; D. Kitchu**
**Agter: K. Swartz; C. Browers; A. Bruyn; V. Isaacs**

# BEHEERLIGGAAM

## HVS BEHEERLIGGAAM VIR TERMYN 2024 - 2027

### VOORSITTER

JACQUES STANNARD

### ONDERVOORSITTER, BEMARKING & SPORT

JAN-HENDRIK SWIEGERS

### SEKRETARESSE, KULTUUR

MARICHEN NEL

### SKOOLHOOF

HENRIËTTE MALAN

### FINANSIES

RALIE BLIGNAUT

### KOSHUIS

HENDRIK WOLFAARDT

### DISSIPLINE

CONRAD "VOSSIE" VOSLOO

### TERREIN

HANDRÉ VILJOEN

### PERSONEEL

NEIL SCHREUDER
TIAAN VAN ZYL

### NIE-ONDERWYSPERSONEEL

RITUS MEIRING

### LEERDERVERTEENWOORDIGERS

XANDER KEYSER
JANI VAN DER MERWE




DANKIE AAN ELKE LID VIR JUL BEREIDWILLIGHEID OM DAADWERKLIK 'N IMPAK TOT ONS SKOOL TE MAAK.

DIT IS DIE SKOOL SE VOORREG OM ELKEEN VAN U TOT DIE BEHEERLIGGAAM TE VERWELKOM.

# Klas van 2024

**Lugaston Baartman**

Hy gaan eers wag en sien wat die toekoms in hou voor hy 'n besluit neem.



**Mary-Jane Barlow**

Gaan in die Kaap of Bloemfontein Regte studeer



**Gideon Becker**

Nog onseker oor sy toekoms.



**Elizma Bezuidenhout**

Oorweeg nog haar opsies.



**Adriaan Blignaut**

Gaan B.Rek aan die Universiteit Stellenbosch studeer



**Mark Blom**

Stel sy versier om President te word.



**Marshall Booi**

Gaan homself as Wiskunde Onderwyser by Varsity College in Gqeberha bekwaam.



**Deslaine Booysen**

Reeds aanvaar om Regte aan die NWU in Potchefstroom te studeer.



**Jayden Booysen**

Gaan LLB by NMMU in Gqeberha studeer.



**Coden Bosch**

Oorweeg nog 'n beroep in onderwys of die polisie in Gqeberha of Oudtshoorn



**Hugo Botha**

Gaan op 'n seiljag in die Midde-Ooste werk as dekmatroos.



**Kieran Bruinders**

Nog onseker waar, maar sy gaan Regte swot.

# Klas van 2024



**Danie Campher**

Gaan vir ‘n jaar op die skepe werk en homself daarna in Switzerland vestig.



**Torique Carolus**

Gaan Sagteware ingenieurswese by Kovsies studeer.



**Anya Cornelius**

Gaan B.Sc Gesondheidswetenskap studeer en daarna ‘n honneurs graad verwerf in kinderkinetika. Besluit nog tussen Maties en Pukke.



**Ethan Davids**

Gaan homself as Verkeersbeampte in Bloemfontein bekwaam.



**Navin Davids**

Oorweeg om ‘n handelsrigting by UCT te studeer.



**AJ de Jager**

Wil eers ‘n kursus in Bloemfontein voltooi en daarna ‘n kursus in Stellenbosch.



**Frikkie de Wee**

Sy groot plan is om te boer en gaan sy opleiding by Grootfontein in Middelburg doen.



**Dawie de Wee**

Wil graag gaan boer en daarom gaan hy Grootfontein toe.



**Carel Erasmus**

Gaan siviele ingenieurswese studeer en dan droom waarheen hy van daar af gaan gaan.



**Marisa Erasmus**

Gaan in Engeland gaan Au Pair.



**Sanet Grobler**

Gaan of Hotelskool toe of Besigheidsbestuur studeer in Bloemfontein.



**Zanri Groenewald**

Gaan Sportsielkunde aan die NWU in Potchefstroom studeer.

# Klas van 2024



**Cameron Hendricks**

Gaan Regte in Bloemfontein studeer.



**Darion Jooste**

Gaan of verpleging of drama by Kovsie of UJ studeer.



**Irvine Jooste**

Nog nie heeltemal seker nie.



**Temzynne Juries**

Gaan Biochemie by Rhodes in Grahamstad studeer.



**Luke Karelse**

Gaan Menslike hulpbron bestuur
by NMMU studeer en daarna aansluit by die vloot.



**Xander Keyser**

Gaan Bedryfsingenieurswese aan die NWU in Potchefstroom studeer.



**Hilmar Klerk**

Gaan eers leer in Gqeberha of Kaapstad en daarna sy eie baas wees.



**Chenique Koopman**

Gaan seniorfase onderwys by Kovsies studeer.



**Nomza Koopman**

Oorweg nog om onderwys by Kovsies te studeer.



**Johndre Ludick**

Tussen die golf speel deur gaan hy Besigheidsbestuur by NMMU studeer.



**Anishka Luiters**

Trek George toe waar sy Vroëe Kinderontwikkeling gaan studeer. Daarna gaan sy met Wiliie trou en haar eie skooltjie oop maak.



**Zandrey Maloyi**

Gaan in Gqeberha homself as Verkeersbeampte bekwaam.

# Klas van 2024



**Abigail March**

Gaan intermediêre fase onderwys by NMMU studeer.



**Ethan McClean**

Gaan B.Sc Rekenaarwetenskap by Eduvos in Midrand studeer.



**Michelle Meyer**

Gaan eers Au Pair in Amerika en daarna kursusse doen in fotografie en fotoredigering.



**Chadlin Minnies**

Gaan konstruksiebestuur by NMMU in Gqeberha studeer.

**Nikho Nortje**

Besluit nog tussen Landbou by Grootfontein of Bemarkingsbestuur by Kovsies.



**Bridgette Oosthuizen**

Wil graag grondslagfase onderwys by NMMU studeer.



**Juninho Pieterse**

Gaan by die vloot aansluit en deur hulle sport organisering studeer.



**Zenobia Pijoos**

Is nog onseker oor wat sy wil doen



**Elrico Prins**

Hy gaan nog sy tyd vat om te besluit.



**Christiaan Prinsloo**

Word 'n Matie wat B.Sc Landbou gaan studeer met 'n fokus op die beskerming en teling van gewasse.



**Juan Stannard**

Gaan by Maties Beleggingsbestuur studeer.



**Lisa Steynberg**

Is nog onseker en sal rustig haar besluit neem.

# Klas van 2024



**L'Reese Stuurman**

Gaan onderwys studeer en rugby speel by XPF in Gqeberha.



**Eagon Tiem**

Gaan Port Alfred toe en homself as vlieënier bekwaam.



**Andrew Vaaltyn**

Gaan Sportsbestuur by XPF in Gqeberha studeer.



**Jaydene Vaaltyn**

Besluit nog tussen Verpleging of Arbeidsterapie by Kovsies.



**Jani van der Merwe**

Gaan haarself as verpleegster by die NWU in Potchefstroom bekwaam.



**Pieter van der Merwe**

Gaan BA. MBW by die NWU in Potchefstroom studeer.



**Freddie van der Mescht**

Gaan beslis B.Rek studeer, maar besluit nog of hy 'n PUK of 'n Matie gaan word.



**Emma van Gent**

Gaan werk in Queenstown en deur UNISA verder studeer.

**Diwan van Rooyen**

Hou sy toekomsplanne nog vir homself sodat dit 'n verrassing vir almal is.



**Christelle van Schaik**

Gaan eers op 'n byeplaas in die VSA gaan werk en daarna besluit wat sy wil doen.



**Jan-Theo van Tonder**

Oorweeg omtrent 17 verskillende opsies, so hy besluit nog.



**Hubert Viljoen**

Gaan by Sol-Tech in Pretoria homself as dieselwerktuigkundige bekwaam.

# Klas van 2024



**Luca Visser**

Gaan 'n motiveringspreker word.



**Stephan Vosloo**

Gaan by NMMU B.Com Rek studeer.



**Caydi Waterboer**

Weet nog nie waar nie, maar sy gaan grondslagfase onderwys studeer.



**Robin-Leigh Williams**

Gaan onderwys swot in die Kaap by Varsity College of UWC.



**Zak Wolfaardt**

Gaan B.Com Landbou ekonomie by die NWU in Potchefstroom studeer.



# Leerlingraad



**Senior en junior leerlingraad**

**Voor: J. Stannard; Z. Groenewald; Juf. S. van Wyk; X. Keyser (hoofseun); J. van der Merwe (hoofdogter); Mnr. T. van Zyl; J. van Tonder; T. Juries**
**Middel: M. Nel; C. Hendricks; S. Viljoen; A. Slabbert; C. van Tonder; K. Kruger; L. Wolfaardt; S. Grobler; A. Hayes; A. du Toit; C. Nel; A. Cornelius**
**Agter: K. Keyser; Z. Wolfaardt; A. Lambrechts; L. Borcherds; C. de Wet; A. Blignaut; J. du Toit; E. Viljoen**

Die leerlingraad van 2023/2024 het weereens ‘n baie besige termyn agter die rug onder leiding van die hoofleiers, Xander Keyser en Jani van der Merwe. Die termyn het afgeskop met ‘n lekker kenmenkaar-kamp te Skietfontein, ‘n lentebal en ‘n baie suksesvolle kankerbewusmakingsmaand. 2024 het ons ‘n baie opwindende gr.8-kamp aangebied om die nuwe Volksies welkom te laat voel by ons Volksie-familie.

Ons het gedans by sokkies, civvie-dae gehou, met ‘n geesweek gees gevang tydens Interskole en ‘n heerlike partytjie vir almal se verjaarsdag aangebied. Radio-Volksie het weer die lig gesien na ‘n paar jaar van stilte en die snoepie word steeds deur die gr.11 leerlingraad bedryf. Die snoepie skuif ook die jaar na die ou klerewinkel en ons beplan nog om die gebou bietjie te verbeter om by ons behoeftes te pas.

Ons bied ook Wêreldbiddag vir Vroue aan, asook Hemelvaart. Ons groet vir mnr Dörfling as skoolhoof, maar verwelkom vir me. Malan as die eerste vroue skoolhoof van Hoër Volkskool. Die leerlingraad het die jaar afgesluit met ‘n ete by Coldstream en ‘n algemene jaarvergadering, waar al ons suksesse en minder lekker dinge weer herleef en gevier het. Dit was ‘n baie lekker jaar!

# Huiskomitee

## Huis Cronjé



**Koshuis HK en Personeel**

**Voor: A. Cornelius; S. Viljoen; Z. Wolfaardt (hoofseun); Mnr. J. van Schalkwyk (koshuisvader); J. van der Merwe (hoofdogter); J. van Tonder; P. van der Merwe**
**Agter: L. Steynberg; A. de Jager; Juf. G. Erasmus; Juf. C. Coetzee; Mnr. T. van Zyl; C. de Wet; C. van Tonder**

# Klasfoto's

## Graad 8



**Graad 9P**

**Voor:** K. de Pearce; L. Bokbaard, A. Jacobs; K. Fortuin; Juf. H. Prinsloo; V. Meshilinie; C. Dampies; E. Goliath; I. Davids
**Middel:** R. Serfontein M. Fourie; S. Lange; M. van der Walt; R. Barnard; C. Maarman; C. Bezuidenhout; H. Erasmus; M. Jaftha; M. Afrika; M. Kemp; T. Cronje; P. van Veijeren; J. Muller
**Agter:** L. Saku; S. Alberts; J. Mdudumani; T. Lodewyk; A. van der Merwe; S. Japhta; C. Stevens; R. van Zyl; A. Bezuidenhout



**Graad 8S**

**Voor:** A. Myburgh; M. Sitaubi; C. Hendricks; A. Lambrechts; Mnr. R. Stroebel; M. Nell; A. Slabbert; L. Roman; K. Meyer
**Middel:** D. Alberts; H. Olivier; K. de Pearce; C. Viljoen; S. van Eeden; L. Grootboom; A. Nell; C. Jeffrey; J. Horn; N. Beyers; H. Pearson; E. Jevan; C. Christoffels
**Agter:** C. Kleyn; F. de Klerk; V. Pienaar; D. Nel; L. Rademan; R. Terblanche; J. Viljoen; L. Odendaal; C. Schutte; M. Ferreira

# Klasfoto's

## Graad 9



**Graad 9E**

**Voor: A. Basterman; M. Prinsloo; N. Peters; K. Kruger; Juf. G. Erasmus; E. Viljoen; J. Barnard; C. Damons; J. Steynberg**
**Middel: L. Afrika; N. Hoogbaard; N. Wevers; L. Marais; E. April; D. de Koker; G. le Grange; A. Kleynhans; D. Japtha; K. Holster; E. Jacobs; J. Tarentaal; A. Mahona; J. Bester**
**Agter: W. Lotter; M. Mostert; D. Goliath; G. Theron; J. Theron; C. Swartz; D. Matayi; E. Gradwell; G. Coetzee; J. Arends**



**Graad 9P**

**Voor: H. Buys; J. Arnolds; E. Rodgers; Z. Welthagen; Mnr. L. Prinsloo; I. Pienaar; C. Carolus; J. White; R. Jooste**
**Middel: A. Botha; D. Lomberg; Q. Frolick; I. Erasmus; R. Afrika; J. Shannon; E. Myburgh; A. Ceasar; L. Pienaar; T. Ferreira; Z. van Antwerpen; C. Mali; A. Louw; A. Reid**
**Agter: J. Serfontein; K. Matthee; D. Deysel; R. Maarman; C. Jacobs; S. Ferendale; J. Nel; S. Flemmer; S. de Jager**

# Klasfoto's

## Graad 10



**Graad 10 V**

**Voor: T. Jacobs; V. Meyer; M. Enslin; A. du Toit; K. Keyser; Juf. E. Coetzee (graadhoof); C. Nel; H. van der Merwe; G. Hall; Z. Homveld; V. Meyer**
**Middel: L. van der Mescht; T. Theron; H. Olivier; E. Ali; L. Vosloo; J. de Lange; P. le Roux; J. van Wyngaard; E. Dinjana; I. Ferreira; M. Janse van Rensburg; L. van Breda**
**Agter: I. Vorster; D. Daniels; R. van der Ahee; R. van Eeden; C. Conradie; M. van der Merwe; S. Naude; M. Bantom; S. Scholtz**
**Afwesig: Juf. S. Vorster**



**Graad 10 P**

**Voor: J. Casling; M. Pieterson; M. Sylvester; K. Swartz; L. Wolfaardt; Mnr. P. Pienaar; J. Jansen; B. Swart; K. Koopman; M. Nel; N. Adams**
**Middel: D. Maarman; B. Arnolds; K. van Rooyen; W. Jaftha; J. Safers; A. Thiart; D. Serfontein; K. Motley; L. Bezuidenhout; E. Barendse; A. Deysel; J. Jacobs**
**Agter: B.Vers; C. Loots; I. Jaftha; E. Swanepoel; J. Groenewald; J. Kritzinger; L. de Beer; H. Claassen; M. Janse van Vuuren; S. Grootboom**

# Klasfoto's

## Graad 11



**Graad 11F**

**Voor: R. Dollies; A. Bosch; Z. Visagie; J. du Toit; S. Viljoen; Juf. S. Gildenhuys; C. de Wet; L. Borcherds; M. Jacobs; C. Lomberg; J. Coetzer**
**Middel: R. Liebenberg; G. Vers; I. Hendrikse; L. Meshilinie; V. September; J. Read; M. Meyer; A. Botha; S. Carolus; C. Niemand; J. Gerber; J. Pretorius**
**Agter: V. Beukes; J. Theron; C. Bekker; J. Coetzer; M. Maarman; T. Fourie; Y. Kiewiets; B. Jooste**



**Graad 11K**

**Voor: S. Prince; T. Sylvester; S. Mali; D. Grootboom; A. Hayes; Mnr. P. Klenhans; C. van Tonder; T. Fisant; L. Vorster; N. Jacobs; H. Bruintjies**
**Middel: R. Afrika; S. Jaftha; U. Lamont; M. Williamson; M. van der Walt; K. Booysen; R. Kleyn; R. Barnard; I. Jacobs; L. Bouwer: T. Graaff; C. van Heerden**
**Agter: W. van Antwerpen; E. van Heerden; Z. Lambrechts; A. Swartz; N. Goliath**

# Groepfoto's

## Graad 12



**Graad 12 klas en personeel van 2024**

**Voor: Mev. P. van der Mescht; J. Stannard; T. Juries; Mnr. B. Cronje; Z. Groenewald; Mnr. N. Schreuder; X. Keyser; Juf. H. Malan; J. van der Merwe; Juf. S. van Wyk; J. van Tonder; Juf. I. Nel; Z. Wolfaardt; S. Grobler; Mev. Z. Blom**
**Middel voor: A. Cornelius; D. Booysen; E. Bezuidenhout; A. Luiters; B. Oosthuizen; Z. Pijoos: Mnr. T. van Zyl; Juf. E. Coetzee; Juf. S. Gildenhuys; Mnr. L. Prinsloo; Mnr. P. Pienaar; Juf. G. Erasmus; Juf. H. Prinsloo; Mnr. R. Meiring; M. Meyer: C. van Schaik; C. Koopman: I. Jooste; C. Waterboer: M. Barlow**
**Middel: N. Koopman; A. March; E. Prince: C. Prinsloo; J. de Wee; M. Booi; T. Carolus; J. Pieterse; C. Minnies; P. van der Merwe; R. Williams; C. Hendricks; A. Vaaltyn; E. van Gent; K. Bruinders; J. Vaaltyn; C. Bosch**
**Middel agter: M. Blom; L. Stuurman; L. Karelse; E. Davids; M. Erasmus; N. Davids; F. van der Mescht; L. Visser; J. Ludick; J. Booysen; E. Tiem; L. Steynberg; D. Jooste; F. de Wee**
**Agter: H. Viljoen; A. Blignaut; H. Botha; C. Erasmus; D. Campher; Mnr. R. Stoebel; Juf. C. Coetzee; Mnr. P. Kleynhans; D. van Rooyen; A. de Jager; S. Vosloo; G. Becker; H. Klerk; Z. Maloyi; E. McLean**



**Graad 1 tot 12**

**Voor: A. Luiters; A. Blignaut; T. Juries; Z. Groenewald; X. Keyser; J. van der Merwe; J. Stannard; S. Grobler; Z. Wolfaardt; E. Bezuidenhout**
**Middel: I. Jooste; M. Meyer; R. Williams; C. Hendricks; P. van der Merwe; L. Steynberg; E. Davids; J. Ludick; C. Minnies; J. Vaaltyn; A. Vaaltyn; C. Bosch; C. van Schaik**
**Agter: H. Klerk; H. Viljoen; L. Visser; A. de Jager; D. Campher; S. Vosloo; F. van der Mescht; M. Erasmus**

# Kultuur



DIE EIENSKAPPE VAN 'N TROTSE VOLKSIE...
RESPEK
LOJALITEIT
Sedert 1922
VOLKSKOOL

# Landsdiens



**Landsdiens**

**Voor: M. Enslin; A. Cornelius; J. van der Merwe; A. Blignaut; Juf. C. Coetzee; D. Jooste; A. Luiters; J. Vaaltyn; M. Fourie**
**Middel: M. Nell; L. Roman; L. Marais; A. Nell; D. de Koker; C. Kleyn; A. Slabbert; M. van der Walt; C. Viljoen; M. Nel**
**Agter: J. Viljoen; R. Kleyn; L. Rademan; R. Terblanche; T. Fourie; E. Viljoen**


Hoër Volkskool spog hierdie jaar met 25 getroue geregistreerde landsdienslede wat die vier liefdes van landsdiens, naamlik liefde vir God, liefde vir jou medemens, liefde vir die natuur en liefde vir arbeid, met elke aktiwiteit voluit uitgeleef het.

Die jaar was vol aktiwiteite en is afgeskop met `n “ken-mekaardag” op Cradock se Groot Visrivier en “Trip`n adventures” wat almal reggekry het vir die suksesvolle jaar wat voorgelê het. Lede het saam met die VCSV bederfpakkies en kaartjies vir die personeel van Midland Hospitaal gemaak en afgelewer om te wys dat hulle harde werk nie ongesiens verbygaan nie. `n Skoonmaaksessie by die Nqwebadam was die volgende taak wat aangedurf was en dit is beslis een waarop ons in die toekoms ook nog wil fokus.

Tydens die Junievakansie het vier van HVS se lede die provinsiale kamp in Somerset-Oos bygewoon en na afloop van die kamp is Mikha Enslin, Marli Fourie en Luandré Rademan verkies om in Desember die Oos-Kaap by die nasionale kamp te verteenwoordig.

Ons hoop om elke jaar meer lede en meer aktiwiteite te kan aanpak om sodoende `n positiewe verskil in ons gemeenskap te kan maak. Landsdiens is trots om te help bou aan ‘n gebalanseerde jeug!

# VCSV Kringleiers



**VCSV Kringleiers**

**Voor: E. Bezuidenhout; D. Jooste; J. Stannard; Juf. G. Erasmus; A. Blignaut; Z. Wolfaardt; T. Juries**
**Agter: S. Viljoen; R. Kleyn; T. Fourie; C. de Wet; S. Vosloo; X. Keyser; C. van Tonder; E. van Gent**

Met krag van bo was die jaar geseënd. Ons skool is ongelooflik geseënd met kringleiers wat hulle liefde vir God en hul naaste op ‘n besonderse manier uitleef. Daarvoor bedank ons elkeen en eer God vir Sy gawes.

Hierdie jaar se hoogtepunte sluit die volgende in: Die Jeugweek waarmee ons die jaar afgeskop het. Leerders van skole uit die gemeenskap het gedeel in die Blye Boodskap van verskeie talentvolle sprekers. Die besoek van VCSV Oos-Kaap, waar die leiers ons bedien het tydens klasse en by ons weeklikse VCSV byeenkoms. Die “Prayer Walk” waar ons die Here se seën uitgespreek het oor besighede en individue in ons dorp. En dan bo en behalwe ons kringe, die Interskole “Praise and Worship” waar Volksies en Unionites saamgestaan het as een in Christus.

Dankie aan elke kringleier vir jou kosbare tyd en omgee vir jou kring. Dankie ook aan Me. Gené Erasmus vir die organisering, en Ds Phillip en Tannie Cecile vir hulle voorbereiding van die leesstukke en hul bydrae aan die VCSV.

# ATKV
## Volksmond



**ATKV Tak-lede**

**Voor: V. Meyer; T. Theron; B. Swart; L. Vosloo; M. Nel; J. Casling; V. Meyer**
**Middel: N. Adams; M. Prinsloo; L. van der Mescht; Juf. H. Prinsloo; Juf. S. Gildenhuys; Z. Pijoos; M. van der Walt; K. Koopman**
**Agter: T. Juries; K. van Rooyen; K. Motley; R. Kleyn; I. Vorster; A. Kleynhans; L. van Breda**



**ATKV Bestuur**

**Voor: T. Theron; B. Swart; L. Vosloo; M. Nel (voorsitter); J. Casling**
**Agter: V. Meyer; Juf. H. Prinsloo; Juf. S. Gildenhuys; V. Meyer**

Die Hoër Volkskool ATKV-tak Volksmond, het ‘n lekker en goeie jaar agter die blad. In die eerste kwartaal het ons die jaar afgeskop met ‘n Langtafelete waar ons heerlike boksies kos met allerhande lekkernye van Profcon geniet het terwyl Rikus Kleyn vir ons opgetree het en almal heerlik saam gekuier het. Dit was ‘n baie lekker aand.

Ons het ook by Vuyani gaan help en gate in die mure toegemaak om hulle omgewing vir hulle beter te maak.
Ons tweede kwartaal het ons afgeskop deur die parkie by Botanies te gaan skoonmaak ‘n verskil in ons omgewing en mooi dorp te maak en om onsself na hierdie harde werk te beloon het ons daarna gaan kyk na die dam wat oorloop. Dit was ‘n wonderlike belewenis.

Ons het as ATKV ons HVS se Drama-aand ondersteun deur hulle te help met die hantering van die snoepie en organisasie van die aand.

Ons het ook vir GRAWS (Graaff-Reinet Animal Welfare Society) besoek en vir hulle ondersteun met hondekos en kombersies.

Ons is ook baie trots op die feit dat ons ‘n prys gewen het vir die oordoen van ons Biblioteek wat regtig nou baie mooi lyk! Marlie Nel was bevoorreg om afgevaardig te word om hierdie prys in aanvang te neem tydens ‘n pragtige geleentheid tydens die ATKV-Kultuurkuier by Buffelspoort hierdie jaar vanaf 9-11 Julie 2024.

Tydens hierdie jaar se beroepsaand aangebied deur ATKV-tak Spandaukop, het ons Volksmond-tak ook ingespring deur te help met die logistiek en reëlings van die aand.  ATKV-tak Volksmond is voorwaar ‘n tak wat op enigte terrein kan help en ‘n verskil maak in die gemeenskap. Kyk ook uit vir ons pragtige resepteboek wat beskikbaar is!!

# Portuurleiers



**Portuurleiers**

**Voor: C. van Tonder; S. Viljoen; Juf. G. Erasmus; J. Pretorius; J. Coetzer**
**Agter: J. du Toit; C. de Wet; L. Borcherds**

Ons opregte liefde vir ons medemens word uitgeken deur dade waarvoor daar min of geen vergoeding is nie. Bloedskenk is een van daardie onbaatsigte dade wat nie ongesiens verbygaan nie. Driemaandeliks kry die Volksies ‘n kans om hulle goeie dade te lewer in die vorm van bloedskenk.

Bo en behalwe die beplanning vir elke byeenkoms in die Volksie, is die portuurleiers verantwoordelik vir die organisering van die leerders, die uitroep van klasse, die gerusstelling van leerders en die algemene veiligheid van skenkers.

Ons sê spesiaal dankie aan elke portuurleier wat sorg dat elke bloedskenkgeleentheid glad verloop en aan elke Volksie wat toesien dat die bloedbank goed ondersteun word.

# Noodhulp



**Noodhelpers**

**Voor: B. Swart; T. Sylvester: Juf. G. Erasmus; E. Bezuidenhout; A. Deysel**
**Middel: N. Peters; I. Pienaar: K. Holster: J. Shannon: I. Erasmus; Z. Welthagen**
**Agter: K. Kruger; E. Gradwell**

Enige projek wat die vrugte van sukses pluk, weet dat daar harde werk agter die skerms gebeur. So werk elke noodhelper tydens tuiswedstryde om die sukses van ons wintersporte te verseker.

Ons staan langs elke baan en veld met kennis en ywer om te help, onder die leiding en organisering van Me. Gené Erasmus. ‘n Spesiale woord van dank aan ESS Medical wat elke Saterdag hierheen reis om ons te ondersteun en ons toe te rus met die nodige kennis. Dankie vir julle uitstekende diens.

Opreg dankie aan elke noodhelper wat hul tyd opoffer en so hulle bydrae maak aan ons skool. Julle het julle goed van julle taak gekwyt!

# Vasvra



**Vasvra**

**Voor: C. Prinsloo; R. Kleyn; F. van der Mescht; D. Jooste; A. Luiters**

# Toneel



**Toneelgroep**

**Voor: A. Kleynhans; J. Vaaltyn; T. Juries; D. Jooste; M. Prinsloo**
**Agter: J. van Wyngaard; Mnr. P. Pienaar; Juf. H. Prinsloo; I. Vorster**



HVS se toneel het 2024 afgeskop met 'n Toneelaand in die skoolsaal.

Ons het deelgeneem aan die Karoo-toneelfees in Victoria-Wes, die Logan Toneelfees in Frasersburg en die ATKV Tienertoneel in Port-Elizabeth.

Die onderskeie produksies het ook deelgeneem aan die Camdeboo Kunswedstryd en Karoo Kunswedstryd.

Al die optredes het baie positiewe uitslae gelewer.

Ons is trots op almal wat betrokke was en sien met groot verwagting en opgewondenheid uit na die 2025 toneeljaar.

# Redenaars



**Redenaars**

**Voor: A. Blignaut; Mnr. P. Pienaar: A. Hayes**
**Agter: M. Prinsloo; M. Enslin**

Hoër Volkskool was vanjaar in die bevoorregte posisie om vier sprekers in die PodiumPret finaal te hê wat op Vrydag, 09 Augustus, by La Rochelle Hoër Meisieskool in Paarl aangebied is. Díe sprekerskompetisie slyp deurlopend aan sprekers se vaardighede om krities en kreatief hul opinies in Afrikaans te beredeneer, te motiveer en oor te dra. Die kompetisie het verskeie kategorieë waarvolgens jy kan kompeteer na aanleiding van die tipe toespraak wat jy lewer..

Na afloop van aanlyn rondtes is die finaal in kleur en geur in persoon aangebied en het Adriaan Blignaut (Gr.12), Mikha Enslin (Gr.10) en Mia Prinsloo (Gr.9) HVS en die Oos-Kaap verteenwoordig. Anna-May Hayes (Gr.11) het per video deelgeneem en die vier sprekers het hulself uitstekend van hul taak gekwyt. Beide Anna-May en Mikha het sertifikate ontvang en bo 80% vir hul toesprake ontvang in die gesig van streng kompetisie van van ons land se top skole. Mia Prinsloo het haarself bewys tussen sterk teenstanders en stap weg as die algehele kategorie wenner vir motiveringstoesprake Gr.9 en die erkenning as beste motiveringspreker vir haar ouderdomsgroep in die land.

Adriaan Blignaut het die beoordeelaars aan sy lippe laat hang en stap weg as die kategorie wenner vir Redenaars asook die algehele graadwenner vir Gr.12 wat hom dan die beste redenaarsspreker in die land maak. Later die aand by aand by ‘n ander geleentheid (waar hy ook as die seremoniemeester opgetree het) is Attie ook die Arendsvlerke toekenning toegeken vir sy uitsonderlike prestasie en bydra tot Afrikaans. Sy naam word op ‘n plaatjie in die tuin van Taalmonument buite die Paarl opgesit. Die Arendsvlerke toekenning is vanjaar vir die slegs die 2de keer in die 12 jaar wat die kompetisie bestaan uitgegee en gaan aan ‘n leerder in Gr.12 wat met gespreide vlerke reg staan om deur kritiese denke en verantwoordelike optrede ‘n positiewe verskil in die samelewing te dryf. Dit is sowaar ‘n groot eer vir hom en die skool.

Welgedaan aan elkeen van hierdie besonderse kinders. Julle is waardige HVS ambassadeurs!

# Debat



**Debat**
**Voor: S. Viljoen; D. Jooste; I. Vorster; C. de Wet; J. Vaaltyn; E. van Gent**
**Agter: M. Blom; F. van der Mescht**
**Afwesig: Juf. S. Vorster**

Die ATKV-Debatskompetisie by Gill College in Somerset-Oos was 'n hoogtepunt waar ons ons argumenteringsvaardighede kon wys. Ons het oor belangrike Suid-Afrikaanse kwessies gedebatteer en leerders het so selfvertroue opgebou vir die toekoms. Ons span het uitstekend gevaar.

Die debatonderwerp, “Selfdoen Aksie Bevorder Demokrasie,” is deeglik bespreek met sterk argumente en oortuigende prestasies. Ons is besonder trots op Chris de Wet en Ilse Vorster wat deurgedring het na die ATKV semifinaal wat in Durbanville gehou was en hul sê uitstekend kon sê.

# Skaak

Die HVS-skaakspan het hierdie jaar uitstekende prestasies behaal. Michayle Maarman het ons trots gemaak deur die Sarah Baartman-distrik te verteenwoordig en het besondere resultate verwerf. Ons matriek- en eerste span het ook hul merk gemaak deur hulle onderskeie afdelings by interskole-toernooi te wen. Ons is trots op elke speler se bydrae en sien uit na nog meer suksesse in die toekoms. Baie geluk aan almal!



**Eerste Skaakspan**

**Voor: J. Nel; L. Meshilinie; M. Maarman**
**Agter: J. Serfontein; J. Theron; M. Mostert; K. Holster**
**Afwesig: Juf. S. Vorster**



**Tweede Skaakspan**

**Voor: E. Myburgh; H. Olivier: D. Daniels**
**Agter: J. Barnard; N. Wevers; L. Afrika**
**Afwesig: Juf. S. Vorster**



**Matriek Skaakspan**
**Voor: C. Bosch; Z. Pijoos; S. Vosloo; M. Blom; JT van Tonder; T. Juries; J. Stannard**
**Agter: A. Vaaltyn; L. Karelse; N. Davids; A. Blignaut; F. van der Mescht; J. Booysen**
**Afwesig: Juf. S. Vorster**



# SPORT



# Provinsiale deelnemers



**Provinsiale Deelname**

**Voor: D. Jooste (Landsdiens); K. Kruger (Swem); A. Louw (Tennis en Hokkie); J. Ludick (Gholf); T. Fourie (Ruiterkuns); C. de Wet (Swem); L. Rademan (Landsdiens)**
**Middel: D. Alberts (Hokkie); M. Enslin (Boogskiet); J. Read (Boogskiet); A. Blignaut (Boogskiet); F. van der Mescht (Boogskiet); W. Lotter (Boogskiet); M. Fourie (Landsdiens)**
**Agter: V. Pienaar (Atletiek); C. Conradie (Swem); J. van Tonder (Rugby); H. van der Merwe (Tweekamp)**

# Netbal

Die netbal het die jaar op ‘n hoë noot afgeskop, waar van die netbalspelers tesame met van ons ander sportmanne en –vroue wat gekwalifiseer het, op ‘n sporttoer was na George. Die oogmerk met die toer was om ons sportmanne en –vroue te motiveer om deur die Desembervakansie en eksamens fiks te bly.

Ons was ook bevoorreg hierdie jaar om van ons skool se gym gebruik te maak onder leiding van Marco Jooste wat ons nie net gehelp het om fiks te bly nie, maar ook om die spiere sterk te hou.

Ons afrigters het 10 Maart ‘n reelbespreking te Somerset-Oos bygewoon waar die nuutste reëls verduidelik is deur Protea Skeidsregters, Theresa Prince en Euleen Grobbelaar.

Ons is baie trots op Jamie-Lee Gerber wat deurgedring het tot die finale rondte provinsiale proewe op 18 Mei te Hangklip Hoërskool in Queenstown, waar sy deelgeneem het in die O/17 afdeling.

Daar is sterker ligte aangebring by die netbalbane en ons sien uit na ‘n paar opwindende aandwedstryde in die nabye toekoms. Oudskoliere, skud solank daardie stof van jul netbalskoene af!

Die hoogtepunt van die seisoen was weereens die interskole wen teen Gill College waar ons in strawwe kompetisie daarin geslaag het om met 3 wedstryde teenoor 2 te wen en weer die trofee op Volkskool bodem te hou.

Hierdie jaar is dan ook die eerste jaar wat ons ‘n “Fast5”-toernooi aanbied en ons hoop dat dit die eerste van vele gaan wees, met hope opwindende aksie-netbal om na uit te sien!

**O/19A (afrigter Me. Coetzee)**

Die span was ‘n goeie mengsel van ervare spelers asook jong opwindende spelers wat hul eerste keer vir die skool se A-span uitgedraf het. Die span het ‘n moeilike seisoen beleef en ongelukkig in heelparty wedstryde nie daarin geslaag om te wen nie. Die A-span se kaptein was Sanet Grobler en onderkaptein, Nomza Koopman.



**Eerste Netbalspan**

**Voor: S. Grobler; Juf. E. Coetzee; N. Koopman**
**Agter: I. Pienaar; K. Swartz; L. Pienaar; C. van Heerden; J. Gerber; C. Lomberg**

# Netbal



**O/14A Netbal**

**Voor: V. Meshilinie; Juf. H. Malan; K. Fortein**
**After: E. Goliath; L. Bokbaard; L. Saku; C. Maarman; C. Dampies**



**O/15A Netbal**

**Voor: E. Viljoen; Juf. H. Malan; J. Shannon**
**Agter: N. Hoogbaard; A. Mahona; L. Marais; J. Bester; J. Arnolds**

**O/14 A en O/15 A (afrigter Me. Malan)**

Die O/14 A-span het ‘n goeie seisoen beleef met ‘n jong groep entoesiastiese meisies wat elke wedstryd voluit aangepak het en hul harte uitgespeel het. Die O/14 A kaptein was Verushka Meshilinie en onderkaptein Keisha Fortein en die O/15 A span se kaptein was Elné Viljoen en onderkaptein Jordan Shannon.

# Netbal



**O/16B Netbalspan**

**Voor: J. White; C. Mali; Juf. S. van Wyk; M. Sylvester (K); J. Casling**
**Agter: N. Jacobs; A. Reid; L. Vosloo; S. Scholtz; E. Ali; K. Koopman**



**O16/A Netbalspan**

**Voor: Z. Homveld (K); Juf. S. van Wyk; R. Afrika (OK)**
**Agter: A. Botha; E. Dinjana; S. Mali**

**O/16 A en O/16 B (afrigter Me. Van Wyk)**

Die O/16 A en B span het gemengde uitslae gehad, maar was in elke wedstryd waardige opponente en het Volkskool met trots verteenwoordig. Ons is veral trots op die O/16 B span wat deur die hele seisoen net een wedstryd verloor het en selfs daardie wedstryd het hulle 'n goeie vertoning gelewer deur net 4-9 teen Despatch te verloor wat 'n uitstekende en sterk netbalskool is.

Die Kaptein vir die O/16A span was Zenobia Homveld en onderkaptein Reese Afrika. O/16B se kaptein was Mbali Sylvester en onderkaptein was Keisha Koopman.

# Hokkie

Die 2024 seisoen het tot ‘n einde gekom, en wat ‘n reis was dit nie! Ons het deur die jaar merkwaardige groei, veerkragtigheid en vasberadenheid getoon.

**Toernooie**

Die O. 16A span het die jaar aan die Pearson hokkie toernooi (Port Elizabeth) en saam met die O. 16B span die Gill sportdag (Somerset Oos) deel geneem ter voorbereiding vir hul voor seisoen. Hul het ‘n goeie begrip gekry om te sien waar hul sterk- en swak punte lê en kon daarvan gebruik maak om ‘n suksessvolle seisoen te bou.

Die eerste span het aan die volgende toernooie en hokkie feeste deel geneem: Open Weekend (Port Elizabeth), Greg Belling (Oos-Londen), Union Festival (Graaff-Reinet) en Spar Challenge (Grahamstad).

**Opsomming van eerste span**

Totale wedstryde gespeel: 27 (Wen: 14, Gelykop: 4, Verloor: 7).

Totale doele aangeteken: **Vir HVS: 66.**

**Teen HVS: 29.**

**Spelertoekennings**

Agt spelers was deur na finale rondte provinsiale proewe. Vier spelers was gekies vir die OP provinsiale hokkie span: Alecia Louw – O. 16A, Deidre Alberts – O. 14A, Jani vd Merwe en Zanri Groenewald is gekies as reserwes by die O. 18 ouderdomsgroep.

Ons spog die jaar met 11 spelers wat hulle vyftig en honderd caps vir die eerste span verdien.
Alecia Louw is gekies vir die O.16B Suid-Afrikaanse hokkiespan.

**Afrigter se refleksie**

“Ek is ongelooflik trots op elke speler, afrigter en ondersteuningspersoneellid. Ons het uitdagings in die gesig gestaar en struikelblokke saam oorkom. Ons span se verbintenis tot uitnemendheid en spanwerk was inspirerend. Ek wil ook graag al ons ouers, vrywilligers en borge bedank vir die hulp wat hul gebied het deur die jaar. Ons sien uit daarna om voort te bou op hierdie sukses in die buiteseisoen en kom ons volgende jaar sterker terug.”



**Eerste Hokkiespan**

**Voor: A. Luiters; J. van der Merwe; Juf. I. Nel (organiseeder); Z. Groenewald (K); Mnr. J. Malan (afrigter); L. Steynberg; K. Bruinders**

**Middel: M. Nel; A. Louw; S. Viljoen; M. Janse van Rensburg; A. Du Toit; C. Nel; D. Alberts**

**Agter: A. Hayes; I. Ferreira; L. Bouwer; C. van Tonder**

# Hokkie



O/16A Hokkiespan

Voor: J. Barnard; N. Wevers; G. Hall; Juf. C. Coetzee; D. Alberts; S. Lange
Agter: H. Pearson; L. Lategan; D. de Koker; K. Kruger; S. van Eeden; L. van der Mescht; R. Serfontein



O/16B Hokkiespan

Voor: A. Deysel; J. Pretorius; V. Meyer (K); Juf. G. Erasmus; V. Meyer (OK); T. Jacobs; H. Olivier
Agter: M. Fourie; M. Kemp; I. Erasmus; M. Ferreira; K. Matthee; E. Gradwell; C. Schutte; T. Ferreira; Z. van Antwerpen; C. Jeffrey

# Tennis

Aan die begin van 2024 is Tiaan Mostert aangestel as die afrigter van Hoër Volkskool se tennisspelers. Aan die begin van die jaar was daar 45 spelers, waarvan die oorgrote meerderheid seuns is, wat gereeld die oefeninge bygewoon het.

Alecia Louw het die o.15 Oos-Kaap span by die nasionale toernooi in Pretoria verteenwoordig terwyl Louwen Wolfaardt, Luan Hanekom, Pieter Nel en Chenoa Jeffrey die Oos-Kaap by 'n streekstoernooi verteenwoordig het.

Die Graaff-Reinet Liga het geleetheid vir drie seun- en twee dogterspanne gebied om aan die somer sowel as die winterliga deel te neem. Die eerste seunspan was gedugte teenstanders en het goeie uitslae behaal. Die geleentheid is ook benut om spelers bloot te stel aan die goed versorgde kleibane van die Wheatlands Sportklub.

Daar is meegeding teen Hoërskool Cradock, Burgersdorp en Union High. Tydens interskole het Hoër Volkskool beide die vriendskaplike gemengde dubbelspel asook die dubbelspel kragmetings gewen.

Die eerstespan het aan die Tennis4Jesus Dubbelspel Toernooi in Bredasdorp deelgeneem terwyl die eerste seunspan ook saam die die top spanne uit alle provinsies aan Tjaart Vorster en Marilie Moolman Toernooie in Cradock deelgeneem het. Tydens die Tjaart Vorster Toernooi is Louwen Wolfaardt en Luan Hanekom gekroon as die onoorwonne eerste paar nadat hulle al hul dubbelspel wedstryde oortuigend gewen het. Daar het ook twee spanne aan die B-liga van die gewilde Wasserman Toernooi in Middelburg deelgeneem.

Op 11 en 12 Oktober 2024 was Hoër Volkskool gasheer vir die eerste Trudé Muller Tennistoernooi wat 'n reuse sukses was en sal voortgaan op ons kalender vir 2025.



**Eerste Tennisspan**

**Voor: X. Keyser; Z. Groenewald; J. van Tonder; Mnr. T. Mostert; J. van der Merwe; L. Wolfaardt; A. Louw**
**Agter: A. Cornelius; S. Viljoen; R. van Eeden; A. de Jager; K. Keyser; L. Steynberg**

# Tennis



**Tweede Tennisspan**

**Voor: A. Lambrechts; J. Bester; H. van der Merwe; Mnr. T. Mostert; A. du Toit; J. de Lange; Z. Homveld**
**Agter: S. van Eeden; C. Jeffrey; Z. Wolfaardt; P. Nel; J. du Toit; C. van Tonder; C. Nel**



**Derde Tennisspan**

**Voor: C. Viljoen; M. Nel; H. Viljoen; Mnr. T. Mostert; H. Olivier; J. Steynberg; A. Luiters**
**Middel: M. Enslin; H. Pearson; J. Viljoen; D. Nel; S. Lange; M, Fourie**
**Agter: M. van der Merwe; R. Terblanche; A. van der Merwe**

# Krieket



**O/15 Krieket**

**Voor: A. Slabbert; H. Olivier; J. Jevan; Mnr. P. Kleynhans; Mnr. T. van Zyl; A. Lambrechts; J. Serfontein; C. Viljoen**
**Middel: K. Motley; E. Myburgh; T. Lodewyk: J. Viljoen; L. Odendaal; V. Pienaar; D. Deysel; W. Lotter**
**Agter: G. Theron; J. Theron; L. Rademan: R. van der Westhuizen**

Na ‘n baie lang tyd het Hoër Volkskool uiteindelik weer ‘n vurige krieketspan. Hierdie o/15 span was uitgehonger vir krieket en het tot dusvêr ‘n onoorwonne seisoen met nog baie wedstryde in die pyplyn.

Gill College was eerste in die jong manne se pad en Hoër Volkskool het sonder baie moeite as oorwinnaars uit die stryd getree. Die hoogte punt van die seisoen en heel moontlik die jaar is egter die oorwinning oor Union High se span. In ‘n aksie-belaaide middag van krieket, vol naalbyt-oomblikke, het Volkskool as wenners weggestap!

Hou maar die spasie dop, hier kom nog GROOT dinge vir Hoër Volkskool se krieket!

# Atletiek



**Atletiekspan**

**Voor: D. Alberts; S. Lange; R. Serfontein; V. Pienaar: Mnr. R. Stroebel; C. Viljoen: J. van der Merwe; A. Luiters; V. Meshilinie**
**Middel voor: A. Louw; M. Enslin; M. Janse van Rensburg; C. Niemand; D. Deysel; L. Vosloo; S. Jaftha; T. Lodewyk: L. Baartman; A. Hayes; A. du Toit; R. Afrika**
**Middel agter: K. Matthee; A. Thiart; D. Matayi; G. Theron; C. Jacobs; B. Jooste; J. Viljoen**
**Agter: H. van der Merwe; M. Maarman; J. van Tonder; J. Theron; L. Rademan; A. Lambrechts**

Die Hoër Volkskool se jaarlikse kleure atletiekbyeenkoms het weereens opwindende kompetisie en uitstaande prestasies opgelewer. Atlete het hul talente ten toon gestel en die dag was vol hoogtepunte.

**Spesiale Toekennings:**
- Junior Victrix Ludorum: Alecia Louw het met haar veelvuldige oorwinnings gewys dat sy 'n talentvolle atleet is met 'n blink toekoms.
- Junior Victor Ludorum: Pieter Nel het sterk kompeterende gees getoon en is bekroon as die Junior Victor Ludorum.
- Senior Victrix Ludorum: Mikha Enslin het met haar oorheersing in beide baan- en velditems die Senior Victrix Ludorum-titel verower.
- Senior Victor Ludorum: Hannes van der Merwe het sy uitsonderlike vermoë in verskeie items bevestig en is trots aangewys as die Senior Victor Ludorum.

Die byeenkoms was 'n dag van uitnemendheid en kameraderie, en het die talent en harde werk van ons atlete beklemtoon. Ons sien uit na die volgende jaar se kompetisie en verdere sukses op die atletiekbaan.

**Sarah Baartman Atletiekbyeenkoms:**
'n Groep talentvolle atlete van Hoër Volkskool het vanjaar aan die gesogte Sarah Baartman Atletiekbyeenkoms in Port Elizabeth deelgeneem en ons skool met trots verteenwoordig. Hulle het sterk kompeterend deelgeneem en hulself onderskei in hul onderskeie items.
Deelnemers:
- AW Lambrechts, Tristan Lodewyk, Divan Erasmus, Tian Erasmus, Christiaan Swiegers, Pieter Nel, Hannes van der Merwe, Curtley Jacobs, Deidre Alberts: Hierdie atlete het met groot toewyding hul beste gelewer en waardevolle ervaring opgedoen teen mededingers van regoor die streek.
- Vincent Pienaar: Vincent het besonder goed presteer deur nie net aan die Sarah Baartman-byeenkoms deel te neem nie, maar ook die 100m-naelwedloop by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe gehardloop, waar hy sy spoed en uithouvermoë op nasionale vlak ten toon gestel het.
- Aidan Thiart: Aidan het sy veelsydigheid bewys deur, benewens sy deelname aan die Sarah Baartman-byeenkoms, ook aan die OP Kampioenskappe in Queenstown deel te neem. Sy prestasies bevestig sy status as een van ons voorste atlete..

Hierdie atlete het nie net hulself uitgedaag nie, maar ook die naam van Hoër Volkskool hoog gehou deur hul indrukwekkende vertonings. Ons is trots op elkeen se prestasies en sien uit na verdere sukses in toekomstige byeenkomste.

# Tweekamp





**Tweekamp**

**H. van der Merwe**


Hannes van der Merwe het hierdie jaar deelgeneem aan die Interprovinsiale tweekampbyeenkoms te Oudtshoorn. Hy is opgeneem in die OP A-span en moes daar kwalifiseer om aan die Suid-Afrikaanse Tweekampbyeenkoms te kon deelneem.

Hannes het baie goed gevaar in Oudtshoorn en kwalifiseer om OP by SA's te verteenwoordig. Hy het deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Tweekampkampioenskappe te Bloemfontein. Hy sê dit was 'n ongelooflike ondervinding om teen soveel atlete van regoor die land te kon deelneem.

Baie geluk Hannes!



# Boogskiet



**HVS Boogskiet**

**Voor: N. Beyers; J. Read; Mev. C. Cronje; Mnr. B. Cronje; M. Enslin; T. Cronje**
**Middel: C. Kleyn; K. van Rooyen; I. Hendrikse; M. Mostert; D. de Koker: R. van Zyl; W. Lotter**
**Agter: R. Kleyn; F. van der Mescht; L. de Beer; G. Coetzee**

**AGA SA HVS Boogskiet**

2024 het weggespring met mening en het die klub en span oudergewoonte hul doelwitte oortref.

Ons het 8 interskole wedstryde geskiet teen verskeie skole top Oos-Kaap skole.

Op 4 Augustus neem ons deel aan die OP kampioenskappe, dit kan gesien word as die finale OP proewe. Die kwalifisering vir OP kleure is 'n gemiddelde telling van 260/300 vir 4 interskole wedstryde en deelname aan OP Kampioenskappe.

Die AGA SA OP Hoërskole A-span het 4 uit 16 lede wat van HVS is: Lehan de Beer (onttrek weens uithourit); John Read en Conrad Kleyn. In die OP B-span is Danel de Koker; Mikha Enslin; Talon Cronje en Karli van Rooyen (Iva Hendrikse as reserwe)

Deelname aan die AGA SA Nasionale Interprovinsiale kampioenskappe was op 25 en 26 September 2024 Kimberley. Daar sal ook deelname wees aan die Nasionale Interskole Kampioenskappe, ons neem deel as HVS span aan die 3D afdeling van die Nasionale interskole.

Die 3D span het bestaan uit John Read, Danel de Koker, Rikus Kleyn, Mikha Enslin, Talon Cronje, Karli van Rooyen, Conrad Kleyn en Iva Hendrikse.

# Swem



**Swemspan**

**Voor: A. Cornelius; J. van der Merwe; C. de Wet; Juf. S. van Wyk; K. Kruger; Juf. C. Coetzee; C. Conradie; A. Luiters; S. Viljoen**
**Middel voor: M. Nell; S. van Eeden; D. de Koker; C. van Tonder; C. Schutte; J. Stannard; F. de Klerk; I. Ferreira; A. Nell; H. Pearson**
**Middel agter: M. Blom; J. Viljoen; A. Thiart; R. van der Ahee; K. Keyser; L. Bouwer; E. Gradwell; L. Vosloo**
**Agter: A. Lambrechts; H. van der Merwe; J. van Tonder; H. Botha; R. van Eeden; E. Viljoen**

Die swemseisoen van 2023/2024 was 'n baie suksesvolle jaar vir Hoër Volkskool. Ons het vroeg in die jaar ons kleuregala aangebied. Kate-Lynn Kruger het 6 rekords verbeter en is as Victrix Ludorum aangewys. Charl Conradie het die Victor Ludorum-beker gewen. Werda het die spankompetisie gewen.

Ons het hierdie jaar weer die Interskole gala teen Union aangebied en kon weer die beker huis toe bring. Die swembad was feestelik gereed gemaak vir okkasie en almal het die dag geniet. Die Victrix Ludorum op die dag was Kate-Lynn Kruger van HVS.

Die Karoogala het daarna by HVS se swembad plaasgevind en Volkskool het weer baie goed gedoen. Kate-Lynn het hier twee rekords verbeter. Die seuns wen 'n algehele eerste plek en die dogters kom algeheel tweede. Saam wen Hoër Volkskool die kompetisie oortuigend.

Chris de Wet en Charl Conradie het tydens die A-groep gala's gekwalifiseer vir die Vlak 2 gala en Kate-Lynn Kruger vir die Vlak 3 gala. Ons swemmers vaar baie goed by hierdie gala's en kon 'n paar medaljes huistoe bring.

# Rugby

Die seisoen was baie suksesvol vir Volkskool, veral vir die 1ste span wat 14 uit hul 16 wedstryde gewen het en onder die top 10 skole in die Oos-Kaap geëindig het.

Ons het as 'n geheel goeie resultate teen van die top skole in Oos-Kaap gehad en gewys ons kan met die top skole meeding.

Volkskool het selfs 'n Cravenweek-speler opgelewer in Jan-Theo van Tonder wat vir die O/18 span agsteman gespeel het.

Die hoogtepunt van die jaar was die Interskolewedstryde waar ons as skool baie goed gevaar het. Ons het 4 uit die 5 wedstryde gewen. Die Eerstespan het interskole gewen met 'n telling van 22 – 12.

Die Eerstespan het in die afgelope seisoen 'n gemiddelde telling van 31,5 punte vir Volkskool en 10,7 punte teen ons opgelewer. Die span het altesaam 76 drieë gedruk en 24 afgestaan, wat 'n gemiddeld van 4,7 drieë vir Volkskool en 1,5 drieë teen ons is.

Ons is dankbaar vir elke speler, ouer, afrigter en ondersteuner wat ons hierdie seisoen bygestaan of aangemoedig het.



**Eerste Rugbyspan**

**Voor: J. van Tonder; J. Stannard; L. Stuurman; Mnr. J. van Schalkwyk; P. van der Merwe: A. de Jager; E. Prins**
**Middel: C. Niemand; E. Davids; J. du Toit; G. Becker; Z. Wolfaardt; L. Baartman; B. Jooste**
**Agter: C. Bekker; A. Swartz; H. Botha**

# Rugby



O/14A Rugbyspan

Voor: A. Nell; H. Erasmus; Mnr. R. Stroebel; C. Viljoen; D. Erasmus; S. Ferndale; C. Stevens; A. Slabbert
Middel: P. Ehlers; D. Nel; J. Viljoen; H. Lambrechts; T. Erasmus; J. Stroebel; T. Lodewyk
Agter: A. Lambrechts; A. van der Merwe; L. Rademan



O/15A Rugbyspan

Voor: J. Tarentaal; C. Bezuidenhout; S. Ferndale; Mnr. M. Slabbert; Mnr. L. Prinsloo; G. Theron; J. Steynberg; A. Basterman
Middel: V. Pienaar; C. Stevens; D. Matayi; S. Jaftha; D. Goliath; S. Flemmer; E. Jacobs
Agter: J. Lategan; J. Theron; P. Nel; R. Terblanche

# Rugby



**O/16A Rugbyspan**

**Voor: J. Jansen; D. Maarman; H. van der Merwe: Mnr. T. van Zyl; S. Naude; S. de Jager; R. Afrika**
**Middel: W. Jafta; L. Wolfaardt; R. van der Ahee; C. Jacobs; D. Serfontein; A. Thiart; P. le Roux**
**Agter: C. Jantjies; R. van Eeden: J. Groenewald; M. van der Merwe**



**Tweede Rugbyspan**

**Voor: L. Visser; C. Prinsloo; L. Borcherds; Mnr. N. Schreuder; J. Pieterse; S. Jaftha: A. Vaaltyn**
**Middel: L. Baartman; I. Jaftha: J. Ludick; M. van der Walt; A. Botha; R. Barnard; L. Karelse; I. Jacobs; J. Booysen; E. Lamont**
**Agter: M. Meyer; N. Davids; Z. Lambrechts; J. Coetzer; S. Vosloo; H. Klerk; W. van Antwerpen**




Dit is met opregte dank dat HVS graag die volgende borge bedank wat hierdie elektroniese jaarblad moontlik gemaak het:

- Anja Olivier Physio
- Bluekap Administration
- Compu-Serve
- Dentist@Health
- e-Consulting Accountants
- GBG
- Karoo Trailers
- Drostdy Toyota
- Johan Minnaar Oogkundige
- Hi-Q GRT
- House of Fibre
- Grassies Staal

- Kamdeboo Supermeat
- Karoo Ford
- Karoo Health Care
- Karoo Melamine
- Merino Apteek
- Philip Piek Vervoer
- Mesh Steel & Weld
- N1 Construction
- Nommerpas
- PSG Wessel Landman

- Slater & Dutch
- Profcon Resort
- Vredenburg Estate
- Engen Riverside
- Slimboer
- GRT Hardware
- Steers
- Tyremart GRT
- Van Wyk Theron
- Vleissentraal
- Octofin
- PCIT (Pty) Ltd

# Wat ‘n jaar was 2024 nie?!

Vir ‘n vinnige oorsig van die jaar se bedrywighede, volg gerus die volgende skakels na HVS se sosiale media platforms waar 2024 deurentyd in kleur en geur vasgevang was!

*HVS wens elkeen ‘n geseënde feestyd en ‘n voorspoedige 2025.*